basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## REKENINGKUNDE V2

## 2022

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye, 'n formuleblad en 'n 10 bladsy-antwoordeboek.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
7. Indien jy dit verkies, mag jy die Formuleblad met Finansiële Aanwysers wat aan die einde van hierdie vraestel aangeheg is, gebruik. Die gebruik van hierdie formuleblad is NIE verpligtend NIE.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | BTW en Krediteureversoening | 30 | 20 |
| **2** | Kosterekeningkunde | 45 | 35 |
| **3** | Voorraadwaardasie | 35 | 30 |
| **4** | Begrotings | 40 | 35 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

**VRAAG 1: BTW EN KREDITEUREVERSOENING (30 punte; 20 minute)**

1.1 **BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)**

Chuckle Handelaars is vir BTW geregistreer, alhoewel die jaarlikse omset minder as R1 000 000 is. Die standaard BTW-koers is 15%. Die onderneming word deur Chuckles Berry besit.

**GEVRA:**

1.1.1 Gee EEN rede waarom Chuckles besluit het om vir BTW te registreer. (2)

1.1.2 Bereken die bedrag BTW wat vir die tweemaandetydperk geëindig 30 April 2022 aan SAID betaalbaar is. (9)

1.1.3 Chuckles gebruik die geld wat vir BTW ingevorder word, om besigheidsuitgawes te betaal. Hy het nie voldoende kontant om die BTW-betalings op die betaaldatum te betaal nie. Wat sal jy aan Chuckles sê? Noem TWEE verskillende/aparte punte. (2)

**INLIGTING:**

BTW-verwante transaksies vir die tydperk geëindig 30 April 2022:

| | |
|---|---|
| Saldo op 1 April 2022 deur SAID verskuldig | R2 600 |
| Aankope van handelsvoorraad (BTW uitgesluit) | 59 000 |
| Kontant- en kredietverkope (BTW ingesluit) | 87 400 |
| BTW op onttrekkings van handelsvoorraad deur Chuckles | 1 200 |
| BTW op terugsendings deur debiteure | 2 820 |
| BTW op korting van verskaffers ontvang | 3 360 |

1.2 **KREDITEUREVERSOENING**

Mani Supermark word deur Mani Bloom besit. Die onderneming koop goedere op krediet by Lawes Groothandelaars.

**GEVRA:**

1.2.1 Gebruik die tabel wat in die ANTWOORDEBOEK verskaf is om veranderinge te toon aan die Krediteuregrootboekrekening van Lawes Groothandelaars in die boeke van Mani Supermark en die rekeningstaat ontvang van Lawes Groothandelaars om die verskille wat geïdentifiseer is, in berekening te bring.

Dui 'n '+' of '–' langs elke bedrag aan. (13)

1.2.2 Mani voel dat die krediteureklerk nie doeltreffend is in die uitvoering van haar pligte nie.

- Verskaf bewyse om sy mening te staaf. Gee EEN punt. (2)
- Verduidelik hoe hy hierdie probleem kan oplos. (2)

**INLIGTING:**

**A. KREDITEUREGROOTBOEK VAN MANI SUPERMARK**
**LAWES GROOTHANDELAARS (KG6)**

| DATUM | | BESONDERHEDE | | DEBIET R | KREDIET R | SALDO R |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 2022 April | 1 | Saldo | | | | 41 200 |
| | 3 | Faktuur 3381 | | | 7 800 | 49 000 |
| | 8 | Debietnota 149 | | | 640 | 49 640 |
| | 15 | Faktuur BB55 | | | 11 400 | 61 040 |
| | 18 | Faktuur 3886 | | | 12 800 | 73 840 |
| | 24 | EFO 425 | | 14 620 | | 59 220 |
| | | Korting ontvang | | 1 250 | | 57 970 |
| | 29 | Faktuur 4 243 | | | 9 900 | 67 870 |

**B. Rekeningstaat van Lawes Groothandelaars ontvang:**

**LAWES GROOTHANDELAARS**
**REKENINGSTAAT**

**Aan: MANI Supermarket** **Kredietlimiet: R45 000**
**Rekeningstaatdatum: 26 April 2022**

| DATUM | | BESONDERHEDE | | DEBIET R | KREDIET R | SALDO R |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 2022 Mrt. | 28 | Saldo | a/d | | | 56 200 |
| | 30 | Kwitansie 376 | | | 15 000 | 41 200 |
| | | Kredietnota A11 | | | 750 | 40 450 |
| | | Straf vir laat betaling | | 580 | | 41 030 |
| | | Straf vir laat betaling | | 580 | | 41 610 |
| 2022 April | 3 | Faktuur 3381 | | 8 700 | | 50 310 |
| | 9 | Kredietnota A32 | | | 640 | 49 670 |
| | 18 | Faktuur 3886 | | 14 720 | | 64 390 |
| | 24 | Kwitansie 667 | | | 14 620 | 49 770 |
| | 25 | Kredietnota A88 | | | 3 180 | 46 590 |

Bepalings: 30 dae. 10%-korting word toegestaan vir betalings ontvang voor die 20ste van elke maand.

Straf is op agterstallige saldo's van toepassing.

| + 90 dae | 60 dae | 30 dae | Lopend |
|---|---|---|---|
| R4 380 | R7 050 | R14 400 | R20 760 |

**C.** 'n Vergelyking van die rekeningstaat ontvang van Lawes Groothandelaars met die Krediteuregrootboekrekening het die volgende verskille getoon:

(i) 'n Afslag van R750 vir goedere van minderwaardige gehalte gedurende Maart 2022 ontvang, is aan Mani Supermark toegestaan. Hierdie transaksie is nie deur die boekhouer van Mani Supermark geboekstaaf nie.

(ii) Lawes Groothandelaars het per abuis die straf vir laat betaling twee keer op 30 Maart 2022 geboekstaaf. Hulle sal dit op die volgende rekeningstaat regstel.

(iii) Die bedrag van Faktuur 3381 op 3 April 2022 is korrek in die Krediteuregrootboekrekening geboekstaaf.

(iv) 'n Foutiewe inskrywing vir die terugsendings op 8 April 2022 is ontdek.

(v) Faktuur BB55 in die Krediteuregrootboekrekening is vir goedere aangekoop by 'n ander verskaffer, Wes Verskaffers.

(vi) Faktuur 3886 op die rekeningstaat sluit BTW teen 15% in. Al die goedere op hierdie faktuur was nulkoersprodukte. Lawes Groothandelaars sal dit op die volgende rekeningstaat regstel

(vii) Die boekhouer van Mani Supermark het 'n 10%-korting met die betaling van EFO 425 geboekstaaf. Lawes Groothandelaars het aangedui dat hierdie korting nie goedgekeur is nie.

(viii) Kredietnota A88 op die rekeningstaat ontvang, het nie op Mani Supermark betrekking nie. Dit sal op die volgende rekeningstaat reggestel word.

(ix) Die rekeningstaat word op die 26$^{ste}$ van elke maand ontvang.

**30**

**VRAAG 2: KOSTEREKENINGKUNDE** **(45 punte; 35 minute)**

2.1 **STYLISH PAKKE**

Die onderneming, deur Fiona Radebe besit, vervaardig een soort modieuse manspak. Die finansiële jaar het op 31 Maart 2022 geëindig.

**GEVRA:**

2.1.1 Bereken die volgende vir die Produksiekostestaat:

- Direkte materiaalkoste (6)
- Direkte arbeidskoste (6)
- Fabrieksbokoste (7)

2.1.2 Stel die Verkorte Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) op vir die jaar geëindig 31 Maart 2022. (11)

**INLIGTING:**

**A. Grondstofvoorraad:**

- Gedurende die finansiële jaar het die onderneming 12 250 meter materiaal vir die maak van pakke aangekoop: R5 512 500. Dit is veilig in die stoorkamer bewaar.
- Materiaal is soos volg aan die fabriek uitgereik om die produksieteiken van 3 000 pakke te bereik: 3,2 meter materiaal en 'n toelating van 5% daarvan vir vermorsing benodig om een pak te maak.

**B. Klaarproduktevoorraad:**

| | **31 Maart 2022** | **31 Maart 2021** |
|---|---|---|
| Klaarprodukte | R195 000 | R260 000 |

**C. Direkte en indirekte arbeidskoste:**

| **Werknemer-beskrywing** | **Getal werknemers** | **Basiese maandelikse salaris per werknemer** | **Totale jaarlikse bonus** |
|---|---|---|---|
| Fabrieksmasjiniste | 40 | R9 800 | **?** |
| Fabriekstoesighouers | 3 | R17 500 | R84 000 |

- Die fabrieksmasjiniste is by die vervaardiging van die pakke betrokke.
- Die verdienste van die toesighouers is as fabrieksbokoste geboekstaaf.
- Jaarlikse bonusse is aan alle werkers betaal. Die bonusbegroting word tussen die masjiniste en die toesighouers in die verhouding 5 **:** 2 onderskeidelik verdeel.
- Alle werknemers betaal 1% van hulle bruto verdienste aan die WVF. Die werkgewer dra op 'n R-vir-R-basis tot hierdie fonds by.

**D. Die boekhouer het voorlopig die volgende bedrae vir die huidige finansiële jaar bereken:**

| | |
|---|---|
| Fabrieksbokoste | R941 500 |
| Verkoops- en verspreidingskoste | 866 400 |
| Administrasiekoste | 532 200 |

**E. Die boekhouer het nagelaat om die volgende aansuiwerings te boekstaaf toe hy die bedrae getoon in Inligting D hierbo, bereken het:**

- 'n Faktuur vir verbruiksgoedere van R59 500 is nie geboekstaaf nie. Die fabriek het 60% hiervan gebruik en die kantoor het die res gebruik.
- Huur betaal vir die verkoops- en verspreidingsafdeling beloop R186 000. Huur word soos volg volgens vloerspasie verdeel:

| Fabriek | Verkoop en verspreiding | Administrasie |
|---|---|---|
| 400 $m^2$ | 300 $m^2$ | 100 $m^2$ |

- Fabrieksversekering van R31 500 per maand is betaal en korrek geboekstaaf. Die premieverhoging van 8% p.j. was van 1 Januarie 2022 van toepassing. Die premies vir Januarie tot Maart 2022 is nog nie betaal of geboekstaaf nie.

**F. Produksie en verkope:**

- 3 000 pakke is gedurende die finansiële jaar teen 'n eenheidskoste van R3 750 vervaardig
- Totale verkope vir die finansiële jaar beloop R18 104 000.

2.2 **Eenheidskoste en gelykbreek-analise:**

Fiona besit ook drie ander fabrieke wat onderskeidelik hemde, skoene en dasse maak. Hulle finansiële jaar het op 31 Maart 2022 geëindig.

**LET WEL:**

- Produksie word gebaseer op bestellings ontvang.
- Die huidige inflasiekoers is tans 6%.

**GEVRA:**

2.2.1 Bereken die gelykbreekpunt vir hemde in 2022. (4)

2.2.2 Fiona het in nuwe toerusting vir die maak van die skoene belê. Sy weet dat sy 10% op die vaste koste vir skoene bespaar het, maar sy kan nie verstaan waarom die vaste koste per eenheid toegeneem het nie. Verduidelik. Verskaf syfers. (2)

2.2.3 Identifiseer die veranderlike koste wat die grootste probleem in ELKE fabriek veroorsaak het. Verskaf syfers. Gee 'n geldige oplossing vir ELKE probleem geïdentifiseer. (9)

**INLIGTING:**

Die volgende inligting het betrekking op die finansiële jare geëindig 31 Maart:

| **BESONDERHEDE** | **HEMDE-FABRIEK** | | **SKOEN-FABRIEK** | | **DAS-FABRIEK** | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **2022** | **2021** | **2022** | **2021** | **2022** | **2021** |
| **Vaste koste per eenheid** | **R94,20** | **R97,90** | **R117,90** | **R97,80** | **R40,90** | **R45,80** |
| Fabrieksbokoste | R45,80 | R48,50 | R73,10 | R62,30 | R21,80 | R24,00 |
| Administrasie | R48,40 | R49,40 | R44,80 | R35,50 | R19,10 | R21,80 |
| **Veranderlike koste per eenheid** | **R246,60** | **R216,50** | **R282,40** | **R256,20** | **R148,20** | **R138,50** |
| Direkte materiaal | R67,90 | R66,00 | R132,40 | R123,50 | R48,00 | R36,30 |
| Direkte arbeid | R136,70 | R110,00 | R105,20 | R97,20 | R81,10 | R80,40 |
| Verkoop en verspreiding | R42,00 | R40,50 | R44,80 | R35,50 | R19,10 | R21,80 |
| Verkoopprys per eenheid | R360,00 | R340,00 | R460,00 | R420,00 | R200,00 | R200,00 |
| Eenhede gemaak en verkoop | 22 000 | 20 000 | 15 000 | 21 200 | 27 500 | 24 000 |
| Gelykbreekpunt | **2.2.1** | 15 855 | 9 958 | 12 658 | 21 713 | 17 874 |

**45**

## VRAAG 3: VOORRAADWAARDASIE (35 punte; 30 minute)

3.1 Voltooi elk van die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

3.1.1 Die voorraadwaardasiemetode wat aanvaar dat die oudste voorraad eerste verkoop word, is die …-metode.

3.1.2 Die voorraadstelsel wat gebruik word om die koste van goedere wat by die verkooppunt verkoop word, te boekstaaf, is die …-stelsel.

3.1.3 Die voorraadwaardasiemetode wat die totale koste van goedere beskikbaar vir verkope, deur die getal eenhede deel, is die …-metode. (3 x 1) (3)

3.2 **RATO KOOKWARE**

Die onderneming, deur Lerato Klou besit, verkoop een soort kookpot en twee gewilde modelle mikrogolfoonde. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2022 geëindig.

Die periodieke voorraadstelsel word gebruik.

- Die potte word gewaardeer deur die geweegdegemiddelde-metode te gebruik.
- Die mikrogolfoonde word gewaardeer deur die spesifieke identifikasiemetode te gebruik.

**GEVRA:**

**KOOKPOTTE**

**Verwys na Inligting A, B en C.**

3.2.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad van potte op 28 Februarie 2022. (4)

3.2.2 Lerato is onseker oor hoe lank dit gaan neem om die eindvoorraad-potte te verkoop.

- Verskaf 'n berekening om haar bekommernis uit die weg te ruim. (3)
- Verduidelik of die tydperk wat bereken is, aanvaarbaar is, of nie. (2)

3.2.3 Bereken die getal vermiste potte. (4)

**MIKROGOLFOONDE**

**Verwys na Inligting D.**

3.2.4 Bereken die waarde van die eindvoorraad van mikrogolfoonde. (7)

3.2.5 Lerato beplan om die verkope van die Delta-model te staak.

Gee TWEE redes om hierdie besluit te steun en EEN rede teen hierdie besluit. Haal syfers aan. (6)

3.2.6 Die interne ouditeur het ontdek dat die getal Swift-mikrogolfoonde wat op 6 Januarie 2022 ontvang is, nie met die getal mikrogolfoonde wat op die betrokke voorraadkaart aangeteken is, ooreenstem nie.

| **MICRO GROOTHANDELAARS<br>AFLEWERINGSNOTA**<br>Datum: 6 Januarie 2022 | |
|---|---|
| **Getal eenhede** | **Besonderhede** |
| 75 | Swift-mikrogolfoonde |

| **RATO KOOKWARE: STOORKAMER-VOORRAADKAART<br>VOORRAADITEM: SWIFT-MIKROGOLFOONDE** | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Van verskaffer ontvang** | **Na die winkel versend** | **Eenhede voorhande** |
| 1 Maart 2021 | | | 380 |
| 31 Julie 2021 | 700 | 530 | 550 |
| 15 Desember 2021 | | 420 | 130 |
| 6 Januarie 2022 | 50 | 15 | 165 |

- Identifiseer die probleem met betrekking tot die Swift-mikrogolfoonde op 6 Januarie 2022. Haal syfers aan. (2)

- Noem TWEE interne kontrolemaatreëls wat die interne ouditeur moet implementeer om te verseker dat sulke insidente nie in die toekoms plaasvind nie. (4)

**INLIGTING:**

**A. Voorraadrekords van kookpotte:**

| | **GETAL KOOKPOTTE** | **EENHEIDS-PRYS** | **TOTAAL R** |
|---|---|---|---|
| Beginvoorraad (1 Maart 2021) | 800 | | R224 000 |
| Eindvoorraad (28 Februarie 2022) | 980 | | **?** |

**B. Aankope en terugsendings:**

| | **GETAL KOOKPOTTE** | **EENHEIDS-PRYS** | **TOTAAL R** |
|---|---|---|---|
| **Aankope:** | | | |
| Mei 2021 | 1 500 | R320 | 480 000 |
| September 2021 | 2 300 | R370 | 851 000 |
| Januarie 2022 | 1 200 | R410 | 492 000 |
| **Terugsendings:** September 2021 | (300) | | (111 000) |
| **NETTO AANKOPE** | **4 700** | | **1 712 000** |

**C. Verkope en koste van verkope:**

- 4 270 eenhede is teen R560 elk verkoop.
- Koste van verkope is bereken op R1 591 040.

**D. Rekord van mikrogolfoonde:**

| | MODEL | GETAL EENHEDE | EENHEIDS-PRYS R | TOTALE BEDRAG R |
|---|---|---|---|---|
| **Beginvoorraad** | SWIFT | 380 | 2 800 | 1 064 000 |
| | DELTA | 430 | 3 200 | 1 376 000 |
| **Aankope** | SWIFT | 750 | 2 800 | 2 100 000 |
| | DELTA | 600 | 3 200 | 1 920 000 |
| **Totale aankope** | | **1 350** | | **4 020 000** |
| **Terugsendings** | DELTA | 120 | | 384 000 |
| **Verkope** | SWIFT | 965 | 4 200 | 4 053 000 |
| | DELTA | 580 | 5 600 | 3 248 000 |
| **Bruto wins** | SWIFT | | | 1 351 000 |
| | DELTA | | | 1 392 000 |

**35**

HOU HIERDIE BLADSY OOP.

## VRAAG 4: BEGROTINGS (40 punte; 35 minute)

### 4.1 GLYDIS HANDELAARS

Inligting word vir die begrote tydperk geëindig 31 Julie 2022 verskaf.

**GEVRA:**

4.1.1 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir Julie 2022. (7)

4.1.2 Bereken die bedrae wat deur **(i)** tot **(iv)** in die uittreksel van die Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste aangedui word. (9)

4.1.3 Bereken:

- Betalings aan krediteure in Julie 2022 (4)
- Leningsbedrag wat op 1 Julie 2022 betaal sal word (4)

**INLIGTING:**

**A. Verkope en aankope:**

| | MEI | JUNIE | JULIE |
|---|---|---|---|
| Totale verkope | R962 500 | R997 500 | R1 015 000 |

- Kredietverkope is verantwoordelik vir 60% van totale verkope.
- Debiteure betaal volgens die volgende neiging:
  - 40% in die maand van verkope, onderhewig aan 'n 5%-korting
  - 45% in die maand wat op die maand van verkope volg
  - 12% twee maande na die maand van verkope
  - 3% in die derde maand na verkope as oninbaar afgeskryf
- Die winsopslag is 75% op kosprys.
- Voorraad word in die maand van verkope vervang. 'n Basisvoorraad word gehandhaaf.
- 80% van voorraad word kontant gekoop.
- Krediteure word in die tweede maand na die maand van aankope betaal.

**B. Uittreksel uit die Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste:**

| | JUNIE | JULIE |
|---|---|---|
| Bruto wins | 427 500 | 435 000 |
| Kommissie-inkomste | 79 800 | **(i)** |
| Oninbare skulde | 16 800 | **(ii)** |
| Salarisse en lone | **(iii)** | 196 980 |
| Korting toegestaan | **(iv)** | 12 180 |
| Rente op lening | 4 550 | 4 025 |

**C. Addisionele inligting:**

- Kommissie-inkomste is 'n vaste persentasie van totale verkope.
- Alle werknemers sal vanaf 1 Julie 2022 'n 5%-verhoging ontvang.
- 'n Gedeelte van die lening sal op 1 Julie 2022 terugbetaal word. Rente teen 14% p.j. word op die uitstaande saldo op die laaste dag van elke maand betaal.

4.2 **FRAZILA (EDMS.) BPK.**

Die onderneming verkoop gasstowe. Die inligting het betrekking op die tydperk April en Mei 2022.

Peter Pillay, die HUB, het bewus geword van 'n mededinger, Lite Stores, wat 'n onderneming in April 2022 geopen het. Hulle verkoop 'n goedkoper model stoof slegs vir kontant. Peter kon nie in April op hierdie bedreiging reageer nie. Hy het in Mei 2022 sy strategieë verander. Dit het 'n verandering in die afleweringsdiens ingesluit. Aflewerings word in April aan Speedy Couriers toegeken. Peter het in Mei besluit om dit aan Prime Deliveries toe te ken.

**GEVRA:**

**LET WEL:** Verskaf in jou verduidelikings syfers of berekeninge vir al die vrae hieronder.

4.2.1 **Afleweringsuitgawes:**

Peter het kennis geneem dat die volle begroting vir April 2022 nie gebruik is nie.

- Verduidelik of Peter met die werklike afleweringskoste in April 2022 tevrede moet wees, of nie. (3)
- Verduidelik of Peter 'n goeie besluit geneem het om die afleweringsdiensverskaffer na Prime Aflewerings te verander, of nie. (3)

4.2.2 **Ander strategieë:**

- Behalwe vir die verandering van die afleweringsdiens, identifiseer TWEE ander strategieë wat Peter in Mei 2022 in reaksie op die mededinger geïmplementeer het. (4)
- Verduidelik hoe hierdie ander strategieë die verkope en die wins geraak het. (4)

4.2.3 **Kontantsaldo's:**

Peter is verward oor hoekom die kontantsaldo's nie so goed is nie, ten spyte van die feit dat verkope in Mei 2022 toegeneem het. Verduidelik. (2)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel uit die Geprojekteerde Inkomstestaat:**

| | **APRIL 2022** | | **MEI 2022** | |
|---|---|---|---|---|
| | **BEGROOT** | **WERKLIK** | **BEGROOT** | **WERKLIK** |
| Getal stowe verkoop | 750 | 600 | 750 | 900 |
| Verkoopprys per stoof | R3 780 | R3 780 | R3 780 | ? |
| Kosprys per stoof | R2 100 | R2 100 | R2 100 | R2 100 |
| | **R** | **R** | **R** | **R** |
| Kontantverkope | 1 417 500 | 1 247 400 | 1 417 500 | 958 500 |
| Kredietverkope | 1 417 500 | 1 020 600 | 1 417 500 | 2 236 500 |
| **Totale verkope** | **2 835 000** | **2 268 000** | **2 835 000** | **3 195 000** |
| Koste van verkope | (1 575 000) | (1 260 000) | (1 575 000) | (1 890 000) |
| **Bruto wins** | **1 260 000** | **1 008 000** | **1 260 000** | **1 305 000** |
| | **R** | **R** | **R** | **R** |
| Advertensie | 120 000 | 120 000 | 120 000 | 192 000 |
| Afleweringskoste | 425 250 | 408 240 | 425 250 | 319 500 |

**B. Uittreksel uit die Kontantbegroting:**

| | **APRIL 2022** | | **MAY 2022** | |
|---|---|---|---|---|
| | **BEGROOT R** | **WERKLIK R** | **BEGROOT R** | **WERKLIK R** |
| Kontantsurplus/ -tekort | 208 000 | 243 000 | 220 000 | (972 000) |
| Beginsaldo | 77 000 | 77 000 | 285 000 | 320 000 |
| Eindsaldo | 285 000 | 320 000 | 505 000 | (652 000) |

**C. Addisionele inligting:**

- Die onderneming begroot om 750 stowe per maand te verkoop.
- Aankope van voorraad word binne 30 dae betaal.

**40**

**TOTAAL: 150**

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE-FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**NOTA:**

* In hierdie geval, indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou

PLAKKER

**SENTRUMNOMMER**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

# REKENINGKUNDE V2

# GRAAD 12

# 2022

## *SPESIALE ANTWOORDEBOEK*

| VRAAG | PUNTE | PARAAF | MOD. |
|---|---|---|---|
| 1 | | | |
| 2 | | | |
| 3 | | | |
| 4 | | | |
| TOTAAL | | | |

**Hierdie antwoordeboek bestaan uit 10 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

*Blaai om asseblief*

## VRAAG 1

### 1.1 BTW

**1.1.1** **Gee EEN rede waarom Chuckles besluit het om vir BTW te registreer.**

2

**1.1.2** **Bereken die bedrag BTW wat vir die tweemaandetydperk geëindig 30 April 2022 aan SAID betaalbaar is.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| | |

9

**1.1.3** **Chuckles gebruik die geld wat vir BTW ingevorder word, om besigheidsuitgawes te betaal. Hy het nie voldoende kontant om die BTW-betalings op die betaaldatum te betaal nie. Wat sal jy aan Chuckles sê? Noem TWEE verskillende/aparte punte.**

2

## 1.2 KREDITEUREVERSOENING

1.2.1

| | KREDITEUREGROOTBOEK-REKENING VAN LAWES GROOTHANDELAARS | REKENINGSTAAT ONTVANG VAN LAWES GROOTHANDELAARS |
|---|---|---|
| Saldo | 67 870 | 46 590 |
| (i) | | |
| (ii) | | |
| (iii) | | |
| (iv) | | |
| (v) | | |
| (vi) | | |
| (vii) | | |
| (viii) | | |
| (ix) | | |
| SALDO | | |

13

**1.2.2 Mani voel dat die krediteureklerk nie doeltreffend is in die uitvoering van haar pligte nie.**

| |
|---|
| **Verskaf bewyse om sy mening te staaf.** |
| **Verduidelik hoe hy hierdie probleem kan oplos.** |

2

2

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 30 |

## VRAAG 2

### 2.1.1 Bereken die volgende vir die Produksiekostestaat:

| BEWERKINGS | ANTWOORD | |
|---|---|---|
| **Direkte materiaalkoste** | | 6 |
| **Direkte arbeidskoste** | | 6 |
| **Fabrieksbokoste**<br><br>**941 500** | | 7 |

### 2.1.2 Verkorte Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 31 Maart 2022

| | |
|---|---|
| **Verkope** | **18 104 000** |
| **Koste van verkope** | |
| **Bruto wins** | |
| **Bedryfsuitgawes** | |
| **Verkoops- en verspreidingskoste**<br>**866 400** | |
| **Administrasiekoste**<br>**532 200** | |
| **Netto wins vir die jaar** | |

**11**

**2.2.1**

| **Bereken die gelykbreekpunt vir hemde in 2022.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

4

**2.2.2**

**Fiona het in nuwe toerusting vir die maak van die skoene belê. Sy weet dat sy 10% op die vaste koste vir skoene bespaar het, maar sy kan nie verstaan waarom die vaste koste per eenheid toegeneem het nie. Verduidelik. Verskaf syfers.**

2

**2.2.3**

| | **KOSTE (met syfers)** | **OPLOSSING** |
|---|---|---|
| **HEMDE** | | |
| **SKOEN** | | |
| **DAS** | | |

9

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **45** |

## VRAAG 3

3.1

| | |
|---|---|
| 3.1.1 | |
| 3.1.2 | |
| 3.1.3 | |

3

### 3.2 RATO KOOKWARE

3.2.1

| Bereken die waarde van die eindvoorraad van potte op 28 Februarie 2022. | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

4

3.2.2 **Lerato is onseker oor hoe lank dit gaan neem om die eindvoorraad-potte te verkoop.**

| Verskaf 'n berekening om haar bekommernis uit die weg te ruim. | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |
| **Verduidelik of die tydperk wat bereken is, aanvaarbaar is, of nie.** | |
| | |

5

3.2.3

| Bereken die getal vermiste potte. | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

4

**3.2.4**

| Bereken die waarde van die eindvoorraad van mikrogolfoonde. | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| **SWIFT:** | |
| **DELTA:** | |

7

**3.2.5**

| TWEE redes ten gunste van die besluit om die verkoop van Delta-model te staak: |
|---|
| |
| **EEN rede teen die besluit om die verkoop van Delta-model te staak:** |
| |

6

**3.2.6**

| Identifiseer die probleem met betrekking tot die Swift- mikrogolfoonde op 6 Januarie 2022. Haal syfers aan. |
|---|
| |

2

| Noem TWEE interne kontrolemaatreëls wat die interne ouditeur moet implementeer om te verseker dat sulke insidente nie in die toekoms plaasvind nie. |
|---|
| |

4

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 35 |

## VRAAG 4

### 4.1.1 DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE

| MAAND | KREDIETVERKOPE | JUNIE 2022 | JULIE 2022 |
|---|---|---|---|
| April 2022 | 567 000 | 68 040 | |
| Mei 2022 | 577 500 | 259 875 | |
| Junie 2022 | 598 500 | 227 430 | |
| Julie 2022 | 609 000 | | |
| ONTVANGSTE VAN DEBITEURE | | 555 345 | |

7

### 4.1.2 Bereken:

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| (i) Kommissie-inkomste in Julie 2022 | |
| (ii) Oninbare skulde in Julie 2022 afgeskryf | |
| (iii) Salarisse en lone in Junie 2022 | |
| (iv) Korting in Junie 2022 toegestaan | |

9

### 4.1.3 Bereken:

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| Betalings aan krediteure in Julie 2022 | |
| Leningsbedrag wat op 1 Julie 2022 betaal sal word | |

4

4

**4.2 FRAZILA (EDMS.) BPK.**

**4.2.1**

| |
|---|
| **Verduidelik of Peter met die werklike afleweringskoste in April 2022 tevrede moet wees, of nie. Haal syfers aan.** |
| |
| **3** |
| **Verduidelik of Peter 'n goeie besluit geneem het om die afleweringsdiensverskaffer na Prime Aflewerings te verander, of nie. Haal syfers aan.** |
| |
| **3** |

**4.2.2**

| | |
|---|---|
